

Essay

“my jong dink gewond tot swymens toe” – ’n los gedagte oor N.P. van Wyk Louw se “Beeld van ’n jeug: Duif en perd”

Antjie Krog

Met die verskyning van die Akademie vir Wetenskap en Kuns se huldigingsbundel vir Karel Schoeman onder die redakteurskap van Willie Burger, het laasgenoemde se bydrae oor Schoeman en Marcel Proust (Burger, 2023: 233-261) my opgeval as aansluitend by die kern van ’n essay waarmee ek al ’n hele tyd lank worstel, naamlik die invloed van literêre tekste op die self. Deur middel van die magistrale gedig van N.P. van Wyk Louw, “Beeld van ’n jeug: Duif en perd” uit *Nuwe verse* (1954), word hierdie soort interaksie ondersoek. Burger se bydrae het my nie net oortuig dat dit ’n nuttige tema is nie, maar ook in staat gestel om ’n voormalige lesing aan die Universiteit van Gent uit te brei betreffende die ontleding van Bêrend en die swart hings. Hierdie essay maak veral staat op die indrukwekkende opstel oor dié gedig van Hein Viljoen: “Kreolisering en heling in *Nuwe verse* en *Tristia* van Van Wyk Louw”.

Op ’n laatoggend lê ’n adolessent op ’n Karoo-werf en lees ’n Latynse teks. Alles rondom hom is loom van hitte en sidderend van son. Hy hoor die geluid van hoewe in die stal en sien hoe sy trop duiwe rondom hom land soos “lappies warm wasgoed”. En dan: ’n duif “kriewel aan my tone; en ek lees”:

die bruin Romeinse legioene draf
uit Rome uit, ál met ’n wit pad langs
– soos Gunsfontein toe – (Louw, 1954)

In die seun se gemoed speel die werklikheid van die duif en die klassieke teks aktief op mekaar in. Al sy sintuie is tegelyk gemobiliseer, geïntegreer in die lewe rondom hom op die werf en die Romeinse legioene word via tekstuele klank en beelde in sy geestesoorleë verlewendig: Hy sien son, hy hoor hoewe, hy voel ’n duif aan sy tone en is meteens lewend aan’t draf sáám met die soldate. Legioene, lank reeds gestorwe, word in sy verbeelding werklik gemaak op die wit Karoo-gruispad na die plaas van sy grootouers.

Hy vind homself inderdaad in die tekstuele legioen, verbind met hulle deur die hier-en-nou-wees van sy eie lewe. Saam met hulle beleef hy iets van een van die

grootste en dodelikste veldslae waar Hannibal 15 000 Romeinse soldate by die Trasimeno-meer doodgemaak het gedurende die Tweede Puniese Oorlog teen Carthago (Viljoen, 2020: 312; sien ook Antonissen, 1966a, 1966b; Grové, 1966, 1974). Dis asof die seun die asemhaling van sy medesoldate beleef soos hulle in die meer verdrink in 'n desperate poging om uit die doodslag weg te kom.

In die gedig word die lees van hierdie stuk historiografie, en sekerlik die skrikwekkende identifikasie, deur konkrete werf-aktiwiteite by die kombuisdeur onderbreek.

toe fletter alles op, wit, bont en rooi –
by die kombuisdeur is die môrewater
en die afskraapsels weer uitgegooi –

fletter 'n oomblik op, skouerhoog,
warrel vol vlerke, 'n wind in die agterplaas,
en saai weer grond toe soos 'n gaffel
vet koring oop val op die vloer en ruis

in die randkorrels wat rol. My duiwe stap
al weer verras bak toe, vlerk op die rug,
en kry geleidelik en verontwaardig
die voormiddag se pik-pik-lê terug. (Louw, 1954)

Dit word gou duidelik dat Louw doelbewus aandui hoe die helder visuele en emosionele identifikasie wat pas in die geestesoog met die lees van die literêre Latynse teks plaasgevind het telkens terugstoot in die seun se werklikheid in. Die lewe rondom hom word deur die lewe in die boek tot beeld verskerp: die opvlieg en land “soos 'n gaffel vet koring (wat) oop val”, selfs die gemoed en houding van die duiwe word deur hom waargeneem. Trouens, die gans verhelderde werf werk intens op sy gemoed in.

Die beweeg tussen lees en werf vorm onmiddellik die vaste patroon van die gedig: 'n snelle wisseling tussen die werklike lewe en die lees van/invoel in literêre tekste. Hierdeur verkry die jong leser geleidelik afstand op sy eie beperkte werf en word hy uitgeskud uit veilige idiosinkratiese perspektiewe wat hy as jong plattelandse seun mog gekoester het, en begin op 'n intense wyse kritiese vrae vra oor die verhouding van 'n ander, groter wêreld en sy eie werf. Soomloos intensifeer die lees van 'n literêre teks die werklike lewe en stel die jong leser in staat om 'n selfgesprek te begin wat tot deurdringende verdieping van die eie-ek se lewensruimtes kan lei.

Volgens kenners is dit belangrik om te onthou dat die werk van bekende Latynse skrywers in die eerste plek beskou moet word as letterkunde en daarna as geskiedkundige geskrifte (Claassen, 2017: 429). Historiografia:

[...] is beskou as 'n onderafdeling van die retoriese genre, 'n hoogaangeskrewe prosavorm (Cicero, *De oratore* 2.62), en daar is aanvaar dat dit ook verband hou met die epiese digkuns (Quintilianus, *Institutio oratoria* 10.1.31; vgl. Shuttleworth Kraus 2005: 242) (Claassen, 2017: 429).

Die antieke geskiedskrywing was dus allereers letterkunde, nie 'n wetenskap nie. Dit was onderworpe aan die reëls wat vir die letterkunde geld, met as vereistes goeie taalgebruik, treffende stylfigure en allerlei retoriese slimhede (Claassen, 2017: 430).

So word skrywers soos Silius Italicus en sy *Punica*, Cicero, meester van Latynse prosa, Augustus en ander geprys vir hulle literêre talente (Claassen, 2017: 429). Tacitus word erken as die persoon wat vernuwing in die skryf van geskiedenis gebring het met sy skerp en dapper styl, sy ellipse, die afwesigheid van skakelwoorde, selfs werkwoorde (Claassen, 2017: 430).

Ná die lees van die Latynse teks en interaksie met die werf, beweeg die lesende jong man se konsentrasie na literêre tekste wat hy vroeër gelees het, waarskynlik William H. Prescott se *The history of the conquest of Mexico* (Viljoen, 2020: 313), wat so onvergeetlik die vernietiging van Cortes beskryf, dat dit bekend geword het juis vanweë die sterk metafore, dramatiese ontmoetinge, krisisse en narratiewe wat vir literêre effek gemanipuleer is.

My boek het toegeraak. 'n Ander land
van gister se lees en dae s'n, gaan oop:
Cortes wat oor 'n lang lae brug
– byna 'n drif, glo – met sy ry manne loop

na 'n dryfstad op eilande, binne 'n meer,
en dinge van die bruin Asteke-ryk
oor wonder; heidens en hoflik Montekezoema
se stil droefheid; die blind-veg op die dyk ... (Louw, 1954)

Die seun se boek val toe, maar 'n ander 'gelese' wêreld gaan oop: die wreedaardige oorlog waar Cortes die Asteke-beskawing aanval en feitlik vernietig. Vir 'n oomblik tree die duiwe en die “goue haan wat al sy henne trap” tot die gedig toe, maar dan is ons terug by 'n aangrypend beskryfde

bloedige geskiedenis.

[...] Hoog teen 'n blou
blink lug staan die piramide op
van Tezkatlipoka, die Rook-Spieël,
en bo die blink fluite word daar op die top

uit 'n jong man wat lewendig lê, die hart
met 'n klipmes van lapis lazuli
– “lazuursteen” – blootgemaak en uitgeruk
en aan die skittering en die god gebie.

Die seun – hy moes die mooiste wees, en moes
'n jaarlank jongbul vir die verse speel
om daardie heilige dood en hemelvaart
tussen die ou aarde-gode uit te steel

en dan so bloedig deel aan die son te kry. (Louw, 1954)

Weereens word hierdie strofes opgevolg deur 'n duiwe-onderbreking uit die werklikheid waarna die eerste werklik innerlike gesprek uiteindelik begin. Die self ontwaak deur die interaksie tussen teks en wêreld en trek drie simbole in die gruis: swaard, pyl, kruis. Dit simboliseer drie beskawings: die Romeinse Ryk, die Asteke-ryk en die oorwinnende Christendom.

[...] My vingers teken
Romeinse swaard en Astek-pyl en Kruis
in ligte strepe. Dan vee my hand
dit ligweg uit die warm gruis

en weier om te kies. (Louw, 1954)

Hy besef dat al drie hierdie ryke se heerssugtigheid op die offerhande van die liggame van veral jong mans teer. Die jong leser vee al drie simbole weg uit die sand en direk daarna begin die intervensie, die krities-begin-dink, en Van Wyk Louw beskryf dit stap vir stap: “Napeinsend” besef die jong man dat sy “hart 'n nuwe klop gewaar” – 'n wonderlike metafoor vir die bewuswording van 'n ander mens, 'n ander mens se lewe, 'n ander mens se hart wat haar perspektiewe, denke en verlangens omvat. Dan lees ons dat sy “jong dink gewond” is. Sy vertrou in die vertroude is beskadig, tot so 'n mate dat hy duiselig word. Die

WAT gee ook 'bedwelmd' en 'buite kennis raak' as betekenis vir "tot swymens toe". Nou begin die jong man dieper na antwoorde en betekenis delf, maar let op dat die proses gestu word deur die kombinasie van die met-letterkunde-verskerpte werf (alles is blinker, helderder) en sy ervaring van gelese tekste.

en 'n gedagte het my jong dink gewond
tot swymens toe; in daardie agterplaas
van son en son-blink duiwe, het blinker,
skil-dun, afsonderend – 'n groot blaas

uit 'n seepyp, vol beelde wat áfdrywe –
die pril dink rondom my lyf gesluit; (Louw, 1954)

Die intervensie breek as't ware by die seun se diepste self in, by die groot blink borrel uit 'n seepyp wat sy prille, vroeë denke omsluit. 'n Etiese selfgesprek oor sy eie erfenis is in swang. Dit is nuut en hewig. Die jong man besef, hoewel broos soos 'n seepbel, die omvang van sy veilige, onbevraagtekenende lewe waarin sy (Afrikaner-) Christelike kultuur hom afgesonder het van 'n groter wêreld, en begin wyer dink, breër sien, deur ander se oë na 'n ander wêreld kyk.

Hy begin dan ook reg van voor met die Bybel – op sigself 'n indrukwekkende stuk letterkunde. Ja, daar is Abel, 'n jong man doodgemaak, daar is Abraham wat sy eie seun moes doodmaak en dan, met 'n pragtige sprong, praat die gedig van Christus wat ook as jong man deur die wil van 'n vader moes sterf.

Mens volg die jong man se gedagtes met ingehoue asem. Die bekende lewende werf bied aan hom 'n veilige ruimte om die psigiese en kulturele patrone van sy opvoeding te ondersoek sonder dat hy bedreig voel; dus waag sy denke dit al hoe verder en verder.

[...] en die vermoede:
dalk het dit daardie son kon donker maak

sonder verduistering agter 'n maan van klip:
omdat die aarde en elke aardgebeurtenis
en die son self, en tot die verste ster,
tesame net een groot vertelsel is

oor Hom en ons, en deur Hom self vertel – (Louw, 1954)

Die jong leser duisel oor die gewaagdheid van sy dink. Asof in 'n visioen

beseef hy dat die universum in al sy manjifiekheid en wreedheid, brutaliteit en skoonheid “net een groot vertelsel is” – doodeenvoudig ’n groot stuk fiksie! Uiteraard bevestig dit die openingsfrase van die evangelie van Johannes: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God” (Johannes 1:1). Die jong man voeg egter hierby die alles absorberende vereiste dat jong mans moet sterf deur die eeue heen, dit is die vertelsel. Die ganse skepping is ’n verhaal wat rus op die donker wete: eindelose opoffering van jong mans se liggame. En dit trek ’n streep deur Christus se sogenaamde ‘vrye sterwe’.

Ná hierdie ‘openbaring’ wat geskied het deur middel van die ineengeweepte effek van werklikheid en literêre teks, raak die jong man op byna Nietzscheaanse wyse bewus van die krag van uiterste skoonheid en hoe dit sin en vertroosting aan die lewe gee. Eers hoor hy: “Dit runnik daarbinne, sag, en die pote / stommel en glip op die ronde stalklippe;” asof ’n geheime kode van aankondiging aan die opmerksames gegee word. Reeds die heel eerste strofe sinjaleer die rustelose teenwoordigheid van die hings, wat nou hier aan die einde van die gedig in sierlike viriele skoonheid uitbloeit. Letterkunde animeer dus ’n innerlike wakkerword van die self: “the distinguishing feature of beauty vis-à-vis philosophical truth is its sensuousness” (Schiller, 1795: 86). Die jong seun *sien*:

dan beur hy die deur uit, die swart grote,

sy kop skuins van die halter, die oog
wit gedop van die rem, daaróór hang die maanhaar;
en die neusgate voel, voel reeds aan die lug,
spuls en wyd; sy voorbors die staan

skeef die deur vol, gebult soos ’n kneukel. (Louw, 1954)

Sensualiteit versterk hierdie lieflike beskrywing, maar binne die politieke konteks van Afrikaans, bly dit verrassend dat die hings swart is. Natuurlik is daar beroemde swart perde en hingste in wêreldliteratuur: die Bybel se Openbaring, Alexander die Grote se swart Bucephalus, die mitologiese swart Arion, Black Beauty, maar ’n swart hings in Afrikaans, as die toonbeeld van sublieme skoonheid, is tog van veelseggende betekenis. Veral as bekende perde in Afrikaanse kultuur in gedagte gehou word – die wit perd van Calvinie, my blinkvosperd, appelblouskimmel met spierwitte maanhaar, Christiaan de Wet se wit perd Fleur, Louis Botha se wit perd Doppe, maar ook meer algemeen: ’n ridder op ’n wit perd, die wit perd waarop Christus in Openbaring ry.

Hoewel hy nie die kleur van die hings hier inbring nie, vra Hein Viljoen in sy uitstekende essay “Kreolisering en heling in *Nuwe verse* en *Tristia* van Van Wyk Louw” tereg:

[H]oe moet ons die laaste beeld, van die beheerste hings wat “magtig, gebonde, beheers en mooi” die stal ingelei word, dan verstaan? Watter antwoord verskaf dit beeldend? Watter keuse maak die spreker uiteindelik? Dit lyk vir my asof die digter, teen die idee in dat alles verhaal is, nadruklik die konkrete en die plaaslike vooropstel. Hy beklemtoon in die hings, as hoogtepunt in die lyn wat loop van die duif, in “die goue haan wat al sy hennetrap” en in die seun wat “’n jaarlank jongbul vir die verse speel” sowel die lewensdrif, seksualiteit, as die kragtige beheersing daarvan. Die beeld van die hings moet, volgens sy eksegese, ook deel van sy Naam wees, maar die beeld is veel ryker as hierdie voorstelling – byvoorbeeld in die manier waarop lig en donker gebalanseer word [...] Die beeld in sy beheerste skoonheid oorstyg die vraagstelling – relatveer dit en maak dit onbelangrik. Die beleving van die agterplaas in sy kleur, lig en drif is wat voorop staan. In hierdie gedig het Van Wyk Louw dus duidelik die ander kulture [Romeinse, Christelike] ingetrek en plaaslik gemaak deur hulle direk met die gemoedelike en die lokale te jukstaponeer. En ’n klein bietjie moedswillig sou ’n mens dan seker ook kon sê dat hy daarmee die dilemmas van kolonialisme probeer ontsnap het en in ’n sin die koloniale verhoudinge bly stabiliseer het: “... Die jong is haastig vir tuin toe” (Viljoen, 2020: 314).

Die “stabilisering” van Bêrend as “jong”, as werker, in die gedig kan gelees word, om Susan Smith (2022: 222) in ’n ander konteks aan te haal, as beide “aanklag en klaaglied van skuld en erkenning vir die wit leser, terwyl die swart leser hiermee identifiseer as klaaglied van sy eie gekoloniseerde, onthemde en oorheerste verlede”.

Om die element van Bêrend op ’n ander manier te benader, beroep ek my op twee literêre kenners: Willie Burger en Jakes Gerwel. Burger onderstreep in ’n essay oor Karel Schoeman en Proust in die boek *’n Huldiging: Stiltes en stemme – Karel Schoeman* die effek van letterkunde op die individu (Burger, 2023). Die lees van ’n literêre teks “maak mens wakker tot ’n innerlike lewe.” Dit stel die individu in staat om, in Proust se terme, “[to] descend on their own into the deeper regions of themselves where true mental life begins”.

Dan roep ek in herinnering my laaste kuier een laatmiddag by Jakes Gerwel, self ’n groot bewonderaar van Van Wyk Louw (en Karel Schoeman) in sy kantoor by die Mandela Rhodes-stigting ’n maand of wat voor sy dood. Ek het vir ons “Beeld van ’n jeug: Duif en perd” voorgelees. Die bekende Dionistiese en Apollonistiese elemente van die swart hings was vir ons duidelik, ook die kontras tussen die vryheid van die duiwe en die gevangenskap van die perd,

maar Jakes het verskeie kere gewonder: waarom Bêrend? Wat dra die bruin man tot die diepere lae van die gedig by? Ek vermoed hy het gedink (gehoop?) dat dit méér beteken as die blote voortsetting van kolonialisme, meer as “klaaglied van sy eie gekoloniseerde, ontheemde en oorheerste verlede.”

Weereens vra Hein Viljoen (2020: 313), hierdie keer wel met volle konsentrasie op die kleur ‘swart’, hoe mens die beelde in die gedig moet verstaan:

As verheerliking van die glorie van Rome en ’n beroep op ons agting vir Rome en die Romeinse beskawing? Die kontras tussen die legioene op die *wit* pad teenoor die *swart* heer kan beskou word as parallel aan die teenstelling tussen duif en perd (Raubenheimer 1980: 46) wat in die eerste strofe gemaak word. Is swart hier destruktief en word die Romeinse beskawing dus deur barbare verslaan, bedreig? Maar hoekom sou Hannibal se mense barbare wees? Net omdat hulle dan sogenaamd swart is? Verlustig die spreker hom in die Romeinse se teenspoed? Die eksegeese wat die spreker self aanbied, lê myns insiens in sy beskrywing van Julius as “vol van die mededoë van ’n versadigde, verstandige mens” [kursivering deur my].

Hierdie beskrywing bots nogal met die gewone siening van Julius Caesar, maar hiervolgens sou die verhaal dus iets soos volwasse aanvaarding van die onvermydelike kon illustreer (Viljoen, 2020: 313).

Na aanleiding van die tema van die essay, naamlik die invloed van literêre tekste op die ontwikkeling van die self, sou mens nog ’n lesing kon maak: weer eens vanuit ’n fokus op die verstrengelde effek van die werf en die *lees* van ’n teks oor die “Swart Heer” en die Romeinse leiers. Die jong leser is skielik bewus van kontras, van kleur. Beide die “Swart Heer” en die Romeinse leiers staan in die verbeelding ingekleur nie net met fisieke (ras)kenmerke nie, maar ook innerlike emosie en ingesteldheid. Die “Swart Heer” is “wys”, “geduldig”, kan gerekende Romeinse oorlogshere uitoorlê.

[...] word by die onvindbare Trasimene
in ’n koel môremis deur die Swart Heer
wat eindeloos geduldig is en wys,
ingewag, uitoorlê, vasgekeer,

en toe, soos nooit g’n leër nie, gewan ...
Sulla met sy blou en hopelose oë;
Pompeius, die dwaas; Crassus die ryke;
dan Julius vol van die mededoë

van 'n versadigde, verstandige mens ... (Louw, 1954)

Die jong man se selfgesprek draai om sy eie beperkte en misleide insig in die wêreld, maar gaan verder, sien verder, en besoek as't ware Jakes se vraag. Bêrend is 'n plaaswerker. 'n Ondergeskikte nie net op die werf nie, maar ook ten opsigte van die jong man wat op die gras lê en ingewikkelde antieke tekste lees. Maar dit is Bêrend wat die glorieuse dier uit die stal lei, hom voer gee en toelaat om 'uit te haal'; Bêrend is dus die 'enabler', die instaatsteller van die verruklike oomblik.

[...] Maar dan steier die hings; sy pote
graaf wind en die kruis trek nog platter

en hy ruk die jong hierkant, tot dié laat los. (Louw, 1954)

Nou is die perd vry. Sy volle sterkte, ritme, trots, sy skone en wilde "hóórt" laat hy dreunend uitspeel waar beide Bêrend en die jong man hulle kan verlustig, verryk en aangegryp word deur die "weeldrig[e]" skoonheid. Dit is 'n oomblik waarin Bêrend nie net die situasie bewerkstellig nie, maar ook berekend beheer opgee.

[...] Dan hóórt die agterplaas
aan die swart hings; hy dreun die heining langs,
speel na die hek toe, lig sy nek hoog en blaas

na die plaaspad se kant en die rante toe. (Louw, 1954)

Die volledige uitleef op 'n werf wat nou behoort aan die perd, hy wat "pitvoer" en water gevoer word deur Bêrend, stel 'n sensitiewe saamleef, saamhoort, 'n soort vryheid en kentering van beweging, van begrip, van 'toelaat' en vasvat, in die verhouding bruin en swart, 'ondergeskikte' en 'gevangene', mens en dier. Dit roep die jong lesende man tot aksie. Hy wat tot dusver slegs leser, observeerder, inlewende op die werf was, staan op om saam met Bêrend die dier se energie tot bedaring te bring, waarna selfs die water drink 'n ontsagwekkend mooie oomblik word. Die dier lig sy kop skielik van die waterbalie en "die druppels deur die sonlig straal / op die groot hoewe". Bêrend neem beheer:

Die hings word kort aan sy bek gevat;
en, magtig, gebonde, beheers en mooi,

die stal ingelei; en die grendelhout val vas. (Louw, 1954)

Die literêre leeswerk verhewig die werf. Die verhewigde werf saam met die tekste stel die jongeling in staat om die volgende te beleef: die vryheid en wellus van duiwe en hoenders, die vrye skoonheid van 'n swart hings, die heerssugtigheid van beide wit en swart bevelvoerders, die genadelose en onregverdigbare opoffer van mans, maar veral jong mans, deur elke beskawing, die geslote seepbel van sy eie opvoeding, en die bevraagtekening van Christus as noodsaaklike sterwe ... Omdat sy leeswerk hom in staat stel om af te daal "into the deeper regions of (him)self where true mental life begins", sien hy nou ook die volgende raak: iemand in 'n onderdanige dienaarposisie, iemand wat nie hoog geag word nie, wat waarskynlik 'n nederige lewe lei, iemand wat 'n mens gewoonlik nie raaksien nie. Die jong man se oë gaan oop vir nog 'n 'misbruik' (soos met die legioene) van 'n (bruin) mansliggaam. Terselfdertyd let hy die bruin man se intieme, knap hantering en beheer van die hings op wat inderdaad die benydenswaardige skoonheid tot volle bloei bring. Die oomblik van skoonheid word dus nie net moontlik gemaak deur die subaltern nie, maar ook tot in die kern versterk deur die beheer en opgee van beheer.

Let op dat vernietiging, oorlog, asook die misbruik van mense in die gedig alles binne die maskuliene kultuur geskied en beliggaam word deur 'n galery van manlike karakters: die lesende 'hy', legioene, Hannibal, Sulla, Pompeius, Crassus, Julius, Cortes, Montekezoema, Abel, Abraham, God, Christus, Bêrend, waarby gevoeg word die twee maal genoemde Slabbert, die goue haan en dan die swart hings. Die vroulike verkry slegs 'n nederige benoeming in die duif Breggie, die "wit maat" wat "mak" gebrom word deur kaartman Slabbert. Selfs skoonheid en vryheid, soos gesetel in die swart hings, is slegs beskore binne die kader van die maskuliene, waar ook die vernietiging en onderdrukking lê.

Integraal deel van die volle diepte van die seun se selfdenke is die intense observasie van die gelaagde (en onregverdige) werklikheid rondom hom, of dit legioene is wat na hulle dood draf, massas wat in moerasse sterf, Jesus aan die kruis, of Bêrend as subalterne "jong". Maar dit is dan Bêrend met sy driedubbele drag onderdrukking, sy interseksionaliteit van plek, kleur en posisie, wat vir die jong leser die situasie van skoonheid nie net moontlik maak nie, maar oproep om spontaan met die diensdoener deel te hê daaraan. Alleenlik 'n gelaagde bewussyn, geskep deur die verdiepende effek van die lees van literêre tekste omring deur ware werklikheid, stel die seun in staat om die waaragtige skone sinvol, ook as solaas, te ervaar, gevaarlik, vol wilde prag en dalk in 'n kleur wat hy nie verwag het nie.

Die gedig illustreer 'n proses van jong self-formasie. Die tyd waarin die grense tussen feit en fiksie, die self en ander, tussen innerlike en uiterlike brandend deurmekaarspoel en waaruit die eie self verwerk moet word, die wees in die wêreld, die buigsamheid tussen soveel veranderlikes. Die gedig maak dit duidelik dat die lees van literêre tekste besig is om die jong leser te bevry van 'n geslote narsistiese self, die innerlike gesprek met die self moontlik te maak, wat op haar beurt weer sorg dat anders na 'n verhelderde wêreld gekyk word waar onreg in veral godsdiens en politiek raakgesien word.

Hierdie sensitiwiteit bring die jong leser in aanraking met 'n soort skoonheid wat die leser “uitjaag” na Heidegger se “ooptes van waarheid”:

[Art] grows out of being and reaches into its truth [...] It is the topology of being, telling being the whereabouts of its actual presence [...] because language, understood rightly, is the original way in which beings are brought into the open clearing of truth, in which world and earth, mortals and gods are bidden to come to their appointed places of meeting (Heidegger, 2001: ix-xii).

‘Gewond’ om die Westerse kultuur in sy vernietiging te sien, maar tog bevoorreg om Bêrend en die manjifieke hings te aanskou, beleef die seun op daardie werf niks anders nie as 'n openbaring wat tot 'n diepe, etiese, selfs kwellende selfvorming kan lei, maar wat altyd deur skoonheid gevoed en getroos sal word.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

- Antonissen, R. 1966a. Die beeld verby (1963). In: Nienaber, P.J. (red.). *Beeld van 'n digter: N.P. van Wyk Louw*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Antonissen, R. 1966b. Tussenstand. In: Nienaber, P.J. (red.). *Beeld van 'n digter: N.P. van Wyk Louw*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Burger, W. 2023. Die boek as 'n engel wat wegvlieg wanneer jy die hek na die hemeltuin oopmaak. Karel Schoeman se romanbeskouing in die lig van Marcel Proust. In: Burger, W. (red.). *'n Huldiging: Karel Schoeman – Stiltes en stemme*. Kaapstad: Naledi.
- Claassen, J-M. 2017. 'n Klassikus se ontleding van N.P. van Wyk Louw se *Germanicus* as 'n beeld van mag en onmag. *LitNet Akademies* 14(3): 417-455.
- Grové, A.P. 1966. Resensie [van *Nuwe verse*]. In: Nienaber, P.J. (red.). *Beeld van*

- 'n digter: N.P. van Wyk Louw.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Grové, A.P. 1974. *Die dokument agter die gedig.* Pretoria: Academica.
- Heidegger, M. 2001. (1971). *Poetry, language, thought.* New York: Harper & Row.
- Johannes. 2020. *Die Bybel.* Kaapstad: Bygelgenootskap van Suid-Afrika.
- Louw, N.P. Van Wyk. 1954. *Nuwe verse.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel
- Raubenheimer, G.N. 1980. "Beeld van 'n jeug: Duif en perd": 'n Vergelykende studie van N.P. van Wyk Louw se gedig. *Klasgids: By die Studie van die Afrikaanse Taal en Letterkunde* 15(1): 44-50.
- Schiller, F. 2004. (1795). *On the aesthetic education of man.* New York: Dover Publications.
- Shuttleworth Kraus, C. 2005 Historiography and biography. In: Harrison, S. (red.). *A companion to Latin literature.* Oxford: Blackwell Publishing.
- Smith, S. 2022. Op weg na 'n eiesoortige Afrikaanse ekokritiek: 'n Ontleding van die gedigreeks "werf" in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog. *LitNet Akademies* 19(1): 205-231.
- Viljoen, H. 2020. Kreolisering en heling in *Nuwe verse* en *Tristia* van Van Wyk Louw / Creolisation and healing in Van Wyk Louw's *Nuwe verse* (New poems) and *Tristia*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 60(2): 302-322.